# 431. BLY BY MY, YAHWEH

D  A  D  G  A  D
1. Bly by my, Yahweh, as die skemer daal;
D  A  G  D  Em  D  E7  A
laat steeds U lig my lewenspad bestraal!
D  A  D  G  B7  Em
Daar is geen ander hulp of troos vir my;
A  D  Bm  G  D  A  D
Hulp vir die hulpelose, bly my by!

D  A  D  G  A  D
2. My lewensdag begin alreeds te kwyn:
D  A  G  D  Em  D  E7  A
sy vreugde en sy glans is aan verdwyn;
D  A  D  G  B7  Em
die tyd laat niks hier onveranderd bly;
A  D  Bm  G  D  A  D
Yahweh wat nooit verander, bly my by!

D  A  D  G  A  D
3. U wat ons nooit verlaat nie, trou' Yahweh,
D  A  G  D  Em  D  E7  A
weet om met swakke mense te verkeer.
D  A  D  G  B7  Em
Gaan pyn en lyding soms bo my verstand,
A  D  Bm  G  D  A  D
weet ek U hou, onwrikbaar, nog my hand.

D  A  D  G  A  D
4. U bystand is so kosbaar elke uur;
D  A  G D  Em  D  E7  A
deur U genade leer ek leed verduur.
D  A  D  G  B7  Em
Waar is daar ooit 'n beter lig te kry?
A  D  Bm  G  D  A  D
U Gees bly immer ons onfeilbaar by.

D  A  D  G  A  D
5. Gou daag die lig; die nuwe aarde bly
D  A  G  D  Em  D  E7  A
van alle sonde, dood en smarte vry!
D  A  D  G  B7  Em
Dood, wie sou skrik? Graf, wat sou my laat beef?
A  D  Bm  G  D  A  D
My toekoms is gewis, Yahshua leef!